Beleid

Elke groep is verantwoordelik om te hou by die beleid van *Ma's Verenig in Gebed Internasionaal.* **Hierdie beleid is NIE opsioneel nie**.

1. Enige individu of groep wat nie bly by die geloofsverklaring van *Ma's Verenig in Gebed Internasionaal* nie, het nie die reg om die *Ma's Verenig in Gebed Internasionaal* naam of logo te gebruik nie, of om *Ma's Verenig in Gebed Internasionaal* op enige wyse te verteenwoordig nie*.*

2. *Ma's Verenig in Gebed Internasionaal* is nie 'n drukgroep nie, hoe verdienstelik 'n saak ookal mag wees. Deelname aan politieke en sosiale aangeleenthede van buite mag slegs op individuele basis plaasvind. Die *Ma's Verenig in Gebed Internasionaal* naam mag onder geen omstandighede in aangeleenthede van buite gebruik word nie.

3. Vertroulikheid verleen integriteit aan die bediening; gevolglik moet alle gebedsversoeke met die uiterste vertroulikheid behandel word.

4. Geen *Ma's Verenig in Gebed* groepsvergaderings word by die skool gehou nie. Ons bid *vir* skole, nie *in* skole nie.

5. Die *Ma's Verenig in Gebed* groep mag geen gebedsversoeke aan die skool rig, of 'n gebedsversoek-houer in die skoolgebou plaas nie.

6. *Ma's Verenig in Gebed* groepe mag nie die skool gebruik om lede te werf nie.

7. Groepe mag onder geen omstandighede die *Ma's Verenig in Gebed Internasionaal* naam of logo gebruik nie. Dit is die handelsmerk van die *Ma's Verenig in Gebed Internasionaal* bediening, en die gebruik daarvan vereis uitdruklike skriftelike toestemming van *Ma's Verenig in Gebed Internasionaal*.

8. Die *Ma's Verenig in Gebed* groep se naamlys is vir die uitsluitlike gebruik van *Ma's Verenig in Gebed Internasionaal* hoofkantoor en groepe. Dit mag onder geen omstandighede gebruik word deur, geleen word aan, of gedeel word met enige individu, organisasie, besigheid of groep van buite nie.

9. Geen advertensie van watter aard ook al mag in of buite-op *Ma's Verenig in Gebed Internasionaal* materiaal geplaas word nie.

10. Ten einde voorsiening te maak vir eenstemmige gespreksgebede gedurende die *Ma's Verenig in Gebed Internasionaal* byeenkoms, moet die volgende vermy word: spreek in tale, gebedspraktyke soos meditasie om die gedagtes te ledig, gebedslabirinte, die aanhoudende herhaling van een woord en ook gebede waar 'n mantra gebruik word.

11. *Ma's Verenig in Gebed* groepe moet hulle weerhou van skinder of enige gesprek wat ander kritiseer.

12. *Ma's Verenig in Gebed* is uitsluitlik vir vroue.